Verskyn sedert 1 April 1873 as "De Maandbode" en sedert 1 Oktober 1894 as "Het Kerkblad"

die Kerkblad

'n Publikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

September 2020

Covid-19: slegte of goeie nuus?

Hoe gaan dit in Zimbabwe?

www.gksa.org.za

JAARGANG 121, NO. 3349 - September 2020

Inhoud

September 2020

1 VAN DIE REDAKTEUR
Die owerheid en Artikel 36, NGB

4 UIT DIE WOORD
Die verheerlikte Jesus se seën bemoedig en dring ons

6 REDAKSIONEEL
Godsdiensregte geskend

8 BRANDPUNT
Die amp van die gelowige in Suid-Afrika 2020

FOKUS
10 Roeping en beroeping (3)
14 Covid-19: slegte of goeie nuus?

VAN ORALOOR
16 Hoe gaan dit in Zimbabwe?
18 Kuratorerapport Julie 2020

20 Lief en Leed
21 Kerklike administrasie
22 Kleinadvertensies

REDAKSIEKOMMISSIE
REDAKTEUR: Prof. CFC Coetzee
KOPIEREDAKTEUR: Mev. J Fourie
ADDISIONELE LEDE: Ds. C Aucamp, prof. SP van der Walt, prof. J Smit, mev. V de Kock, dr. MN Hermann

Adresbesonderhede:
- Die Redakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: callie.coetzee@nwu.ac.za; sel. 082 337 7951
- Kopieredakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Me. Angie Mokobi, tel. 018 297 3986; e-posadres: tydskrifte@gksa.co.za

Intekengeld (geldig vanaf 1 Julie 2020 – 30 Junie 2021):
Die Kerkblad (self afhaal by Admin Buro, posgeld uitgesluit, 11 uitgawes) – R301
Die Kerkblad (individuele intekening, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R434
Die Kerkblad (in groep, na die gemeente gestuur, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R407
Die Kerkblad (elektroniese intekening, ontvang per e-pos, 11 uitgawes – R126

Intekening moet skriftelik gekanselleer word

DRUKKERS: V&R Drukkery, tel. 012 333 2462

"Heel eerste pleit ek daarvoor dat smekinge, gebede, voorbidding en dankgebede vir alle mense gedoen word, vir konings en vir almal wat hoë posisies beklee, sodat ons 'n rustige en stil lewe in alle vroomheid en waardigheid kan lei."

– 1 Timoteus 2:1, 2

EIENAARS EN UITGEWERS
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

Die owerheid en Artikel 36, NGB

Behalwe die koronapandemie is daar 'n ander pandemie wat Suid-Afrika al baie lank en nou toenemend teister en lamlê. Dit is die virus van korrupsie wat skynbaar onstuitbaar voortwoed op elke denkbare vlak en terrein. Die jongste en mees immorele voorkoms van hierdie virus is die miljoene rande wat vir die bekamping en bestryding van die koronavirus en die gevolge daarvan (ekonomies, ens.) bestem was, en nou deur korrupsie in die sakke van gewetenlose mense beland het.

Die owerheid

Die mees skokkende van alles is die gerugte dat persone in die owerheid tot op die hoogste vlak by hierdie jongste voorkoms van korrupsie, maar ook ander korrupsie, betrokke is.

As ons onder die owerheid nie net die nasionale regering verstaan nie, maar ook provinsiale en plaaslike regerings, die ANC-topstruktuur wat vanuit Luthuli-huis "regeer", en ander instansies wat met gesag beklee en "oor ons gestel is" (vgl. HK So. 39) om misdaad te beveg en wet en orde te handhaaf – soos die polisie – dan is die prentjie selfs nog donkerder. Net op een bladsy van 'n dagblad die afgelope week (*Beeld* 8 Aug. 2020) lees ons die volgende opskrifte: "Korrupsie: 13 van metropolisie vas"; "17 polisielede oor dwelms vasgetrek". En so is dit elke dag.

Na aanleiding van veral die korrupsie met fondse wat vir die bestryding van COVID-19 bestem is, het pres. Ramaphosa 'n ministeriële komitee van ses benoem om die sake te ondersoek. Maar die vrese word alreeds uitgespreek dat die komitee as 'n "filter" kan dien vir die openbaarmaking van kontrakte en deursigtigheid kan belemmer. 'n Ander politieke kommentator meen die komitee "kan as weerligafleier dien sodat behoorlike ondersoeke nie plaasvind nie" (*Beeld* 11 Aug. 2020).

Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis

Alles wat hierbo gesê is, kan ons in die gewone dagbladpers ook lees. Die roeping en taak van 'n blad soos *Die Kerkblad* is egter om die gewetenlose en immorele praktyk van korrupsie in Bybelse perspektief te stel, te beoordeel en veroordeel.

Die Bybel spreek immers in die duidelikste taal oor die plek en die taak van die owerheid. Daarom is dit ook deel van ons Gereformeerde belydenis. Op grond van tekste soos Eksodus 18:20, Romeine 13:1, Spreuke 8:15 en talle ander tekste, doen ons in Artikel 36 van ons

Nederlandse Geloofsbelydenis belydenis oor die plek en taak van die "burgerlike owerheid". Hierdie belydenis is reeds in 1561 deur Guido de Brès opgestel en daarna deur verskeie sinodes en uiteindelik deur die bekende Sinode van Dordrecht 1618/19 as een van die belydenisskrifte van die Gereformeerde kerke wêreldwyd aanvaar.

En nou bely ons in Artikel 36, in die konteks van hierdie *Kerkblad*-artikel, die volgende: *"Ons glo dat ons goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag konings, vorste en owerhede aangestel het. Dit is immers sy wil dat die wêreld deur middel van wette en regerings geregeer moet word, sodat die losbandigheid van die mense in bedwang gehou kan word en alles onder die mense ordelik kan verloop. Vir dié doel het Hy die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf (Rom. 13:4) en die deugsames te beskerm."*

Dit is die doel en die rede waarvoor "ons goeie God" die owerheid ingestel het. Hulle is sy dienaars wat sy gesag moet toepas en sy Koninkryk moet dien. En nou het ons in Suid-Afrika 'n owerheid in wie se geledere ook kwaaddoeners dien, hulle wat juis deur die owerheid gestraf moet word, en korrupsie aan die orde van die dag is, mense wat juis hulle posisie in die owerheid gebruik en misbruik om wetteloosheid te bedryf. Hierdie verskynsel behoort deur alle Christengelowiges in die sterkste taal vanuit die Skrif veroordeel te word.

Ons roeping

Beteken dit nou dat ons die owerheid moet en kan verwerp en ongehoorsaam kan wees aan die gesag wat God oor ons gestel het?

Ons roeping as Christene is om by die stembus 'n owerheid wat korrupsie en ander misdade, ook in eie geledere, duld en aan sy Godgegewe opdrag ongehoorsaam is, uit te stem en ons te beywer vir 'n owerheid wat in die eerste plek en bo alles in ooreenstemming met God se wil en wet sal regeer.

Intussen bly dit ons roeping om aan die owerheid gehoorsaam te wees in alles wat nie in stryd met God se wil is nie, en as gelowige landsburgers ons roeping te vervul op elke terrein van die lewe. Dit bely ons ook in Artikel 36, NGB.

Verder bly dit ons roeping, veral nou en in die lig van wat hierbo gesê is oor die korrupsie in owerheidsgeledere, om 'n Bybelsgefundeerde getuienis teenoor die owerheid te lewer. Die roeping en taak van die kerk in hierdie opsig is waarskynlik meer relevant en noodsaaklik as ooit in ons geskiedenis. Ons eie Deputate vir Gesprek met die Owerheid het hierin 'n geweldige verantwoordelikheid en verdien ons voorbidding en ondersteuning.

Maar behalwe die kerk se "amptelike" getuienis, is die getuienis van gelowiges in die samelewing selfs belangriker. Wanneer gaan die honderde duisende Christene in Suid-Afrika opstaan en hulle stem laat hoor, of liewer die stem van God se Woord laat hoor?

Laastens bly dit ons roeping en opdrag om vir die owerheid te bid in ooreenstemming met 1 Timoteus 2:1, 2: *"Heel eerste pleit ek daarvoor dat smekinge, gebede, voorbidding en dankgebede vir alle mense gedoen word, vir konings en vir almal wat hoë posisies beklee, sodat ons 'n rustige en stil lewe in alle vroomheid en waardigheid kan lei"* (Direkte Vertaling).

Mag God ons gebede verhoor en ons getuienis seën. CFCC

Godsdiensregte geskend

In **Beeld** van 8 Augustus 2020 het 'n artikel verskyn oor 'n saak wat vir ons as Christengelowiges verreikende implikasies kan inhou. Die artikel is geskryf deur Nadene Badenhorst en Daniela Ellerbeck, verbonde aan "Freedom of religion, South Africa", en handel oor die Parlement se wysigingswetsontwerp op die Wet op Burgerlike Verbintenisse.

In die artikel word onder andere die volgende gesê: "Die effek van dié wetsontwerp is om alle staatshuweliksamptenare regtens te verplig om selfdegeslaghuwelike te voltrek – selfs as hulle 'n geloofs- of gewetensbeswaar in die verband sou hê." Die artikel stel verder: "Die wetsontwerp, wat art. 6 van die Wet op Burgerlike Verbintenisse (met ander woorde die gewetensbeswaar-klousule) herroep, raak alle staatshuweliksamptenare in diens van die Departement van Binnelandse Sake, landdroste en ander amptenare wat uit die aard van hulle amp outomaties huweliksamptenare is."

Godsdiensregte geskend

Indien pres. Ramaphosa hierdie wetsontwerp teken, sal dit volgens talle menseregte- en geloofsorganisasies ongrondwetlik wees en wel in stryd met Art. 15 van die Grondwet, wat die fundamentele reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening waarborg.

Art. 9 van die Grondwet kom ook in gedrang, waarvolgens aan almal – "ook staatshuweliksamptenare – die reg op vryheid van onbillike diskriminasie op grond van godsdiens, gewete en oortuiging" *gegee word.*

"Niemand laat hulle menseregte tuis agter wanneer hulle in die oggend werk toe gaan nie. Almal se fundamentele regte heg (en behoort) aan hulle as persoon. Dit verdwyn nie net afhangende van wie hulle werkgewer is of watter beroep hulle beoefen nie" – aldus die artikel.

Gehoorsaam aan God of aan die staat

Ons aanvaar dat daar talle staatshuweliksamptenare is wat op grond van die Skrif en hulle godsdienstige oortuigings meen dat selfdegeslaghuwelike in stryd is met die wil van God.

Volgens die artikel in *Beeld* word sulke amptenare nou in die onbenydenswaardige posisie geplaas om tussen hulle geloof en werk te kies.

Konsekwensies

Die artikel spel ook die volgende konsekwensies uit van die wysigingswetsontwerp:

"Dit is belangrik om te verstaan dat die wysigingswetsontwerp nie net 'n beperking op die regte van staatshuweliksamptenare is nie, maar ... op almal se grondwetlike reg om volgens hulle godsdiens, gewete en geloofsoortuiging te lewe ... As staatshuweliksamptenare byvoorbeeld gedwing kan word om teen hulle gewete en geloof op te tree, beteken dit dokters wat vir die staat werk, kan ook gedwing word om aborsies of genadedood uit te voer."

Die kerk

Waar staan die kerk in hierdie situasie? As die kerke in die Reformatoriese tradisie eenstemmig was dat selfdegeslaghuwelike in stryd is met die Woord van God, was die antwoord maklik en eenvoudig. Dan sou die kerk eenvoudig van haar lidmate kon verwag (en hulle pastoraal begelei en bemoedig) om aan God meer gehoorsaam te wees as aan die owerheid.

Nou sit ons egter met die tragiese dilemma dat 'n kerkgemeenskap soos die Nederduits Gereformeerde Kerk (o.a. op grond van 'n Skrifkritiese en afwykende hantering van die Skrif deur sommige teoloë) ruimte laat of erkenning gee aan selfdegeslaghuwelike. Trouens, die Algemene Sinode het selfs by die owerheid aansoek gedoen vir die registrasie van predikante wat bereid is om selfdegeslaghuwelike te bevestig.

Die NG Kerk word dus deur haar eie besluite verhinder om enige getuienis oor hierdie saak teenoor die owerheid te laat hoor.

Roeping van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Die GKSA handhaaf steeds op grond van duidelike uitsprake in die Skrif die standpunt dat selfdegeslaghuwelike in stryd is met God se wil en dat die kerke sulke huwelike nie erken en kan of mag bevestig nie.

In die verlede is daar nog altyd gepoog om in 'n kerklike getuienis teenoor die owerheid oor sake wat die kerk en haar lidmate raak, so 'n getuienis in samewerking met alle kerke in die Reformatoriese tradisie, en selfs wyer, te laat hoor. Die feit dat een van die kerkgemeenskappe in die Reformatoriese tradisie in hierdie baie belangrike saak nie sal kan saamwerk nie, verander egter niks aan die noodsaaklikheid dat 'n getuienis wel gelewer word nie.

As ons dus erns maak met ons roeping in die samelewing en teenoor die owerheid, behoort die GKSA as selfstandige kerkgemeenskap 'n duidelike Skrifgefundeerde getuienis teenoor die owerheid te laat hoor en ons te skaar by organisasies soos "Freedom of religion, South Africa" wat versoekskrifte aan pres. Ramaphosa gestuur het om dringend te vra dat hy die wysigingswetsontwerp nie onderteken nie.

Sodanige getuienis sal pres. Ramaphosa verplig om hom as gelowige te verantwoord teenoor God en sy Woord. CFCC

Prof. JM Vorster (Koos) (Emeritus)

Die amp van die gelowige in Suid-Afrika 2020

In die vroeë gereformeerde tradisie het mense gepraat van die amp van die gelowige. Daarmee het hulle gewys op die rol wat elke gelowige in die samelewing moet speel. Die bediening in die kerk, onder leiding van die drie ampte van die bedienaar van die Woord, die ouderling en die diaken is immers bestem om gelowiges toe te rus om hulle amp as gelowiges in die samelewing uit te oefen. Later is die woord "amp" vervang met "diens". Ons praat deesdae van die dienste (predikant, ouderling en diaken) en die diens van die gelowige in die samelewing.

Algemene priesterskap

Teenoor die Rooms-Katolieke gedagte dat die gelowiges leke is en dat die kerk eintlik bestaan uit die klerus (die hiërargie van ampsdraers) wat die genade aan die passiewe leke moet uitdeel, het Luther baie klem gelê op wat hy genoem het "die algemene priesterskap van die gelowiges". Daarmee het hy bedoel dat gelowiges nie leke behoort te wees nie, maar oral in diens moet staan van die koninkryk van God. Calvyn het op grond van Efesiërs 4:11 en ander soortgelyke Skrifgedeeltes baie klem gelê op die roeping van elke gelowige om die samelewing te transformeer met doelgerigte getuienis van God se regering oor alle dinge en met 'n duidelike voorbeeldige Christelike lewenswyse.

Die Heidelbergse Kategismus het die diens van die gelowige in die samelewing mooi saamgevat in Sondag 12 v/a 32. Op die vraag waarom jy 'n Christen genoem word, antwoord die Kategismus: *"Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is en daardeur deel aan sy salwing het sodat ek sy Naam kan bely, myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer."*

Gelowiges is konings, profete en priesters

Christus is gesalf (aangestel) as Koning, Profeet en Priester, en in Hom word al die ampte van die Ou Testament verenig. Om deel te hê aan sy salwing, beteken dat gelowiges ook konings, profete en priesters is. Hierdie salwing het nie net betrekking op ons deelgenootskap en meelewing in die gemeente nie, maar ook op die toewyding van ons lewe volgens die model van die ampte van Christus. Dit beteken dat ons as konings die Naam van Christus oral sal bely en sy

Koninkryk sal vergestalt met ’n beginselvaste, morele lewe. Ons moet staan waarvoor Christus gestaan het. As profete is ons, soos die profete van ouds, predikers van die beginsels van die Woord. Ons almal moet mense oproep tot geloof en bekering deur dit wat ons doen en dit wat ons sê. En as priesters reik ons die hand uit na almal in nood.

Dit gaan dus in die gereformeerde geloof nie net oor die kerk en die erediens nie. Ja, dit ook, maar geloof is meer as juig en getuig in die erediens. Die erediens is eintlik die springplank na die lewe. Deur die aktuele prediking en bediening van sakramente word ons opgelei om konings, profete en priesters in die samelewing te wees. ’n Goeie preek op Sondag sit gelowiges aan die werk van Maandag tot Saterdag.

Hoe lewe ons ons Christenskap uit?

Hierdie dienswerk van gelowiges in hulle “amp as gelowiges” is baie nodig in ons samelewing vandag. Suid-Afrika het moreel verval. Noem maar op: korrupsie, uitbuiting, seksuele losbandigheid, geweld, gewetenlose leiers, haat – en so kan ons aangaan. En uiteindelik loop dit alles uit op ’n gees van wantroue en wanhoop en vertroue op selfgemaakte ideologieë.

Hoe lewe ons ons Christenskap uit in die “amp” van die gelowige in hierdie samelewing? Ek wil graag drie sake uitlig in hierdie verband:

- Eerstens moet ons doen wat ons bely en waarvan ons oortuig is. Mense koop nie haargroeimiddel by ’n kaalkop barbier nie. Net so luister hulle nie na Christene wat baie praat oor hulle geloof, maar niks kan daarvan gesien word in hulle daaglikse lewe nie. Ons moet nie deelneem aan die morele verval nie, maar juis sigbare bakens wees van die groot lewensbeginsels van God se teenswoordige Koninkryk. Ons moet opstaan vir wat reg is. By ons skool en ons werksplek, ja oral waar ons besig is, die kwaad en die gevolge daarvan uitwys op ’n waardige manier. Ons moet fluitjieblasers wees waar onreg sy kop uitsteek.
- ’n Besondere roeping wat ons het, is om as ouers betrokke te wees by die onderwys van ons kinders. Christelike privaatskole onder ouerbeheer is die ideaal, maar dit is nie vir alle gelowiges moontlik nie. Waar ons kinders en kleinkinders in publieke skole is, moet gelowige ouers betrokke wees en toesien dat die onderwys deeglik is, dat die kurrikulums voldoen aan morele standaarde, dat ’n opbouende kultuur van respek gehandhaaf word. Ondersteun die honderde gelowige onderwysers vir wie onderwys nog ’n roeping van die Here is, en moenie huiwer om geraas te maak oor verval in die onderwys nie. Motiveer ook jong Christene om die edele beroep van onderwys te betree.
- Normaalweg in ’n demokratiese bedeling is stemreg ’n belangrike middel om die politiek van die dag te beïnvloed. Kyk ’n mens egter na die vlak van optrede in ons Parlement en die power gehalte van argumente, bereik gelowiges tans nie veel met hulle stem nie. Gelukkig is ons ’n regstaat, wat beteken dat die owerhede in die howe op grond van die goeie beginsels van die grondwet uitgedaag kan word. Burgerlike organisasies het dit al met groot sukses gedoen. Ons moet dankbaar wees dat die georganiseerde burgerlike samelewing in Suid-Afrika ’n groot krag word. Ook in dié opsig kan ons ons roeping as gelowiges uitleef deur morele en finansiële steun te gee aan burgerlike organisasies wat dieselfde doel voor oë het, naamlik om gestalte te gee aan die beginsels van God se koninkryk in ons land vandag.

Klim dus van die pawiljoen af, draf op die veld, neem beheer en speel voluit vir dit waarvoor ons staan. DK

Dr. AH Grové (André) (Emeritus)

COVID-19: slegte of goeie nuus?

Is die Covid-19 pandemie slegte of goeie nuus? Dit hang af hoe jy daarna kyk. As jy sien hoeveel mense siek is en sterf, hoe nadelig dit die ekonomie raak, hoe mense hulle werk verloor, hoe die siekte oor byna elke land in die wêreld versprei het, hoe onbeholpe die mediese wetenskap (tot op hede) is om dié siekte die hoof te bied, hoe ongemaklik die inperking is – dan is dit inderdaad slegte nuus. Sommer baie slegte nuus!

Plae of pestilensies kom dikwels in die Ou Testament voor – ongeveer 49 keer. Meeste van die tyd as 'n straf van God as mense gesondig het. So kry ons byvoorbeeld 'n pessiekte in Dawid se tyd. Hy het die volk getel en toe straf die Here hulle met 'n pes waarin 70 000 mense sterf (2 Sam. 24:13-17). Wanneer Israel egter berou oor hulle sonde toon, trek die Here sy straf terug en genees die land (2 Kron. 7:13-14).

Tydens die Groot Griep van 1918 is wêreldwyd tussen 17 en 50 miljoen mense oorlede. Daar word vertel hoe mense hier in Suid-Afrika by 'n plaashuis aangekom het en 'n hele familie dood in die huis aangetref het.

Maar slegte nuus is nie die enigste kant van die muntstuk nie. Dit is nie al manier om na 'n pandemie te kyk nie. Jy kan ook die lig van die Woord van God van 'n ander kant af op die saak laat val – en dan verander die prentjie dramaties.

Wat die Woord van God ons leer

Jesus maak in sy profetiese rede in Lukas 21:11 uitdruklik melding van "epidemies" ('83), "pessiektes" ('33). Die Griekse woord (*loimos* – λοιμός) kan beteken *wydverspreide aansteeklike siekte* (Louw & Nida), *plaag*, *pes* of *epidemie*. Dit is presies waarmee ons nou te doen het – hoogs aansteeklik, wêreldwyd!

Maar wat sê Jesus hieroor? Ons moet die teks (Luk. 21:11) binne konteks verklaar. Jesus het kort voor sy kruisiging vir sy dissipels gesê dat die tempel verwoes gaan word. Nou wil hulle weet *wanneer* dit gaan gebeur en wat is die *teken* wanneer alles voleindig gaan wees (Mark. 13:4). Vir hulle is die verwoesting van die tempel ook die voleinding van die wêreld en die wederkoms van Christus. Jesus help hulle reg, Hy korrigeer hulle fout deur die profetiese rede en 'n paar gelykenisse.

Die tempel is toe inderdaad in 70 nC verwoes, maar vóór die voleinding gaan nog eers 'n paar dinge gebeur. Jesus sê: "Wanneer julle die rumoer van oorloë en gerugte van oorloë hoor, moet julle nie verskrik wees nie. Dit moet kom, maar dit is nog nie (onmiddellik – Lukas 21:9) die einde nie. Want die een nasie sal teen die ander te staan kom en die een koninkryk teen die ander. Daar sal aardbewings op baie plekke voorkom. Daar sal hongersnode wees" (Mark. 13:7-8). Lukas 21:11 leer ons ook dat daar

epidemies, *pessiektes* sal wees. Wat is nou die betekenis van al die oorloë, hongersnood en epidemies? Jesus verduidelik: "Al hierdie dinge is geboortepyne, die begin van die nuwe tyd" (Matt. 24:8). Honger en 'n wydverspreide aansteeklike siekte (soos tans) beteken beslis nog nie die voleinding nie! Maar dit het baie deeglik met die einde te doen. Dit is die kraampyne van die nuwe. Die wêreld verkeer in pyn – erge ekonomiese, sosiale en gesondheidspyne, maar dit is geboortepyne van 'n nuwe bedeling wat besig is om aan te breek.

Die ou sondige wêreld is besig om verby te gaan en geboorte te skenk aan 'n totaal nuwe. Soos wat die sirene van die brandweerwa – al sien jy dit nog nie – sy koms aankondig, só kondig die tekens van die tye die koms van die nuwe aan. Soos wat die krake in 'n eierdop aankondig dat 'n nuwe kuikentjie besig is om gebore te word, so kondig hierdie pandemie aan dat 'n nuwe era aan die kom is.

Elke oorlog, elke hongersnood, elke nuwe siekte is 'n voetstap van Jesus Christus wat besig is om terug te kom. Die botsels aan 'n vyeboom is die teken dat die somer vooruit al in die vyeboom aan die werk is. Dit is 'n teken dat die somer beslis aan die kom is. Die somer is nog nie daar nie, maar sy uitwerking is reeds sigbaar in die vyeboom. Só sien ons aan al die hartseergebeure dat Jesus besig is om terug te kom. Die invloed van sy wederkoms is al sigbaar. Dis só naby, ons sien al die tekens van die voleinding. Die einde is al besig om gebore te word. 'n Nuwe lewe sien al so te sê die lig, en dít is iets om oor bly te wees. Dít is goeie nuus – sommer baie goeie nuus!

Die dag van ons volmaakte redding kom al hoe nader, totdat dit eendag in volle werklikheid aanbreek. Ons moet volhard in ons geloof, want: *"Die tyd van ons finale verlossing is nou nader as toe ons tot die geloof gekom het"* (Rom. 13:11). Verder leer 1 Petrus 1:8 ons: *"Deur in Hom te glo, al sien julle Hom nou nie, het julle reeds deel aan die saligheid wat die einddoel van julle geloof is."*

Die pandemie raak elke mens, gelowig of ongelowig, en so ook die wederkoms van Christus. Ons wat die lig van die Woord van God het, weet dat daar goeie nuus aan verbonde is – nuus wat deur die versoeningswerk van Jesus Christus vir ons die ewige lewe inhou. Die Here het dit goedgedink om dit te openbaar aan eenvoudiges. Hierdie goeie nuus is egter verberg vir "slim en geleerde mense" (Luk. 10:21), en vir dié wat die evangelie van Jesus Christus nog nie gehoor het nie. Maar ...

Evangelie

"Wie tot die einde volhard, sal gered word. En hierdie evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuienis kan hoor. Eers dan sal die einde kom" (Matt. 24:13-14). Die pandemie, en elke teken van die tyd, hierdie tyd voor die wederkoms van Christus, hou vir ons wat glo en vir die kerk 'n besonder groot verantwoordelikheid in: die verkondiging van die blye boodskap van die ewige lewe deur 'n ware geloof in Jesus Christus. Hy alleen is die weg en die waarheid en die lewe. Sonder Hom word niemand salig nie. So onaangenaam en hartseer as wat die pandemie is, so troosvol is die belofte en so ernstig is die oproep wat daarvan uitgaan: *"Ja, Ek kom gou (sê Christus). Amen, ja kom, Here Jesus!"* (Op. 22:20).

2 Petrus 3:13-14: *"Ons leef in die verwagting van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat God belowe het en waar die wil van God sal heers. Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, moet julle jul daarvoor beywer om vlekkeloos en onberispelik voor God, en in vrede met Hom, te lewe."* DK